2. Pippie beur tant Laura op

Een middag stap Pippie in haar tuin rond en wag op Tommie en Anneke om vir haar te kom kuier. Maar Tommie daag nie op nie, en Anneke nog minder, en toe besluit Pippie om te gaan kyk wat dan van hulle geword het. Sy kry hulle daar in hulle eie tuin onder die prieel sit. Maar hulle is nie alleen nie. Hulle mammie, mevrou Oelofsen, sit ook daar. En ook 'n liewe ou tannietjie wat hulle kom besoek het. Hulle sit nou juis saam en koffie drink. Maar die kinders drink vrugtesap.

Tommie en Anneke hardloop Pippie tegemoet.

"Tant Laura het vir ons kom kuier," verduidelik Tommie. "Dis dié dat ons nie na jou toe kon kom nie."

"Ag, lyk sy nie liefies nie," sê Pippie en loer tussen die lower deur. "Ek sou graag met haar wou gesels. Ek het vreeslik baie trek in dierbare ou tannies."

pippie_langkous_book.indb 265 2016/01/20 12:26 PM

Anneke lyk 'n bietjie onrustig.

"Dit . . . dit . . . sou miskien beter wees dat jy nie te veel met haar gesels nie," sê sy. Want sy onthou nog die keer toe Pippie na 'n koffiepartytjie in hulle huis uitgenooi is en toe so aanmekaar gesels het dat Anneke se mammie haar bitterlik vir Pippie vererg het. En Anneke wil nie hê dat iemand hulle bitterlik vir Pippie moet vererg nie, want sy hou dan so baie van Pippie.

"Dat ek nie met haar gesels nie?" vra Pippie beledig. "Nee, maar alte seker gaan ek met haar gesels. Mens moet tog vriendelik wees as mense vir jou kom besoek. As ek net soos 'n verskrikte muis daar gaan sit en ek sê g'n woord nie, dan dink sy dalk ek het iets teen haar."

"Ja, maar dink jy darem jy weet hoe mens met sulke tannies moet gesels?" werp Anneke tee.

"Mens moet hulle net altyd opbeur, dis wat mens moet doen," sê Pippie met nadruk. "En dis nou net my plan daardie."

Sy stap onder die prieel in. Eers buig sy vir mevrou Oelofsen. Dan kyk sy na die ou dame en lig haar wenkbroue.

"Maar kyk net 'n bietjie vir tant Laura," sê sy. "Mooier as ooit tevore! Mag ek 'n bietjie vrugtesap kry, sodat my keel nie straks droog word ingeval ek en tant Laura lekker wil gesels nie?"

Die laaste sin rig sy aan Tommie en Anneke se mammie. Mevrou Oelofsen skink vir Pippie 'n glas vrugtesap en sê terselfdertyd: "Kinders moet gesien word en nie gehoor word nie!"

"Haai," sê Pippie, "mens het darem nie net oë nie, mens het mos ore ook. En al is ek nou 'n vreug vir die oog, moet die oor darem ook ingespan word. Maar

pippie_langkous_book.indb 266 2016/01/20 12:26 PM

party mense dink mos mens se ore is net daar sodat mens hulle af en toe kan wikkel."

Mevrou Oelofsen steur haar nie verder aan Pippie nie. Sy draai na die ou dame toe.

"En hoe gaan dit deesdae met tant Laura se gesondheid?" vra sy met meegevoel.

Tant Laura lyk bekommerd.

"Ag, dit gaan nie te lekker nie," sê sy. "My senuwees is gedaan en dan word ek so maklik onrustig oor allerhande dinge."

"Nes my ouma," sê Pippie en doop met mening 'n beskuitjie in haar glas vrugtesap. "Sy kon ook altyd oor die kleinste ou dingetjies so omgekrap en senuweeagtig raak. As sy in die straat afstap en daar kom miskien 'n dakpan op haar kop te lande, dan het sy so aan die spring en skree en raas gegaan dat mens amper kon dink sy't 'n ongeluk oorgekom. En reken 'n bietjie, eenkeer was sy met my pappie saam by 'n dansparty en hulle dans toe die hambo. My pappie is baie sterk en met een van die draaie swaai hy vir Ouma so vinnig dat sy reg oor die dansbaan skiet en in die middel van die basviool te lande kom en net daar bly sit. En daar begin sy sommer weer te skree en te raas. Toe vat Pappie vir haar en hou vir haar met uitgestrekte arms by die venster uit – hulle was op die vierde verdieping – net sodat sy 'n bietjie kon bedaar en haar senuwees weer tot rus kon kom. Maar moenie glo nie! 'Los my!' skree sy. En natuurlik los Pappie toe vir haar. Maar daaroor het sy ook weer kom kla. Pappie sê mos altyd dat hy nog nooit 'n ou vrou gesien het wat so 'n bohaai oor 'n kleinigheid kan opskop nie. Ag ja, dis maar moeilik as 'n mens

pippie_langkous_book.indb 267 2016/01/20 12:26 PM

se senuwees eers gedaan is," sê Pippie vol medelye en doop nog 'n beskuitjie in haar glas vrugtesap.

Tommie en Anneke sit ongemaklik op hulle sitplekke en rondskuif. Tant Laura skud net haar kop. Sy is heeltemal oorbluf, en mevrou Oelofsen kom vinnig tussenbei en sê: "Ek hoop dat tant Laura darem gou weer fris en gesond gaan voel."

"O ja, sy sal seker," sê Pippie vertroostend. "Want my ouma het. Sy het weer heeltemal reggekom. Want sy het 'n kalmeermiddel gedrink."

"Watter soort kalmeermiddel was dit?" vra tant Laura met belangstelling.

"Wolwegif," sê Pippie. "'n Gelykvol eetlepel wolwegif. En ek dink dis wat haar reggeruk het. Na daardie dosis het sy vyf dae lank doodstil bly sit en geen woord gesê nie. Doodrustig en so koel soos 'n komkommer! Doodeenvoudig fris en gesond geword. G'n gespring en geskree meer nie. Die een dakpan na die ander, die een na die ander kon maar op haar kop val, maar sy het net daar bly sit, so blosend gesond. Nou kan tant Laura sien dat tant Laura ook weer fris en gesond gaan word. Want, soos ek nou gesê het, my ouma het."

Tommie het intussen stilletjies tot teen tant Laura geskuif en fluister nou in haar oor: "Tant Laura moenie vir tant Laura aan Pippie steur nie. Sy dink sommer sulke goeters self uit. Sy het nie eers 'n ouma nie."

Tant Laura knik begrypend. Maar Pippie het goeie ore, en sy het gehoor wat Tommie daar fluister.

"Tommie het gelyk," sê sy. "Ek het nie eers 'n ouma nie. Sy bestaan glad nie eers nie. Dan het sy mos ook nie nodig gehad om altyd so senuweeagtig te wees nie."

pippie_langkous_book.indb 268 2016/01/20 12:26 PM

Tant Laura draai na mevrou Oelofsen toe.

"Weet jy, ek het gister so 'n eienaardige ding oorgekom . . ."

"Maar nog lank nie so eienaardig soos die ding wat ek eergister oorgekom het nie," verseker Pippie haar. "Ek het 'n entjie in die trein gaan ry, en net toe ons op volle vaart trek, toe kom daar 'n koei deur die oop venster na binne gevlieg en sy hou haar yslike reistas met haar stert vas. Sy gaan sit toe op die bank reg oorkant my en begin in die treinrooster rondblaai om te sien hoe laat die trein by Falköping gaan aankom. Ek was net besig om toebroodjies te eet – ek het hope gehad, met southaring en met wors – en ek dog toe sy't miskien ook honger en ek bied toe vir haar een aan. En sy vat 'n toebroodjie met haring en sit en kou daaraan."

Pippie bly stil.

"Dit was regtig baie eienaardig," sê tant Laura ewe vriendelik.

"Ja, so 'n eienaardige koei sal 'n mens seker nie maklik weer te sien kry nie," sê Pippie. "Reken net 'n bietjie, dat sy nou 'n toebroodjie met southaring vat terwyl daar dan so baie lekker worstoebroodjies was!"

Mevrou Oelofsen en tant Laura drink weer 'n koppie koffie. Die kinders kry nog vrugtesap.

"Ja, wat ek nog wou sê toe ons ou maatjie hier my in die rede val," begin tant Laura weer, "was dat ek gister so 'n snaakse toeval beleef het . . ."

"Noudat ons so van snaakse toevalle sit en praat," sê Pippie, "moet ek julle darem eers vertel van Agaton en Teodor. Eenkeer, toe Pappie se skip by Singapoer kom, toe kort ons nog 'n matroos aan boord. En daar

pippie_langkous_book.indb 269 2016/01/20 12:26 PM

kry ons toe vir Agaton in die hande. Agaton was twee-en-'n-half meter lank en so maer dat sy gebeente geratel het soos die stert van 'n ratelslang as hy na jou toe aankom. Sy hare was pikgitswart en het tot by sy middellyf gehang en daar was net een tand in sy mond! En daardie tand was vir jou groot: hy't tot in die middel van Agaton se ken gehang. Pappie het gereken Agaton is darem alte lelik en hy wou hom eers nie aan boord neem nie, maar toe sê hy dit sou miskien 'n goeie ding wees om hom te hê ingeval mens 'n trop perde op loop moet jaag. Nou ja, en ons kom toe by Hongkong. En daar kort ons al weer 'n matroos aan boord. En toe kry ons vir Teodor. Twee-en-'n-half meter lank was hy, met pikgitswart hare wat tot in sy middellyf hang en een groot tand in sy mond. Agaton en Teodor was kompleet eners. Veral Teodor. Hulle het net soos 'n tweeling gelyk."

"Dit was darem snaaks," sê tant Laura.

"Snaaks?" vra Pippie. "Wat was so snaaks daaraan?"

"Dat hulle so eners was," sê tant Laura. "Dit was darem snaaks!"

"Ag nee," sê Pippie. "Dit was g'n stuk snaaks nie. Want hulle was mos 'n tweeling. Albei. En dit nogal reg van hulle geboorte af."

Sy kyk so half verwytend na tant Laura.

"Nou verstaan ek ons tannie Laura darem glad nie. Hoe kan mens nou 'n bohaai opskop en jou staan en verwonder as twee arme ou mensies wat 'n tweeling is per toeval so effens na mekaar lyk? Dis mos nie hulle skuld nie. En my ou tannie moet nou ook nie dink dat enigiemand uit eie keuse soos Agaton sou wil lyk nie. En as dit daarop aankom, ook nie soos Teodor nie."

pippie_langkous_book.indb 270 2016/01/20 12:26 PM



pippie_langkous_book.indb 271 2016/01/20 12:26 PM

"Ja, maar hoekom het jy dan gesê dis 'n snaakse toeval?" vra tant Laura.

"As die mense op hierdie partytjie my net sou toelaat om ook 'n woordjie te sê," laat Pippie hoor, "dan sal ek vir julle klaar vertel van die snaakse toeval. Want reken net 'n bietjie, beide Agaton en Teodor het met die tone na binne toe geloop. Dit het so onnatuurlik gelyk! En elke tree wat hulle gee, dan loop die regtergroottoon vir die linkergroottoon raak. En as mens met elke tree wat jy gee, darem dieselfde ding gaan raakloop, dan is dit mos 'n snaakse toeval, of hoe sê ek nou? Dis in elk geval wat die groottone gedink het."

Pippie vat vir haar nog 'n beskuitjie. Tant Laura staan op en maak aanstaltes om te vertrek.

"Ja, maar tant Laura wou nog vir ons vertel het van daardie eienaardige toeval wat tant Laura gister beleef het," sê mevrou Oelofsen.

"Ag, dit kan ook maar wag tot 'n ander keer," sê tant Laura. "En noudat ek weer 'n slag daaroor nadink, was dit tog ook nie so 'n eienaardige toeval nie."

Sy groet vir Tommie en Anneke. Toe streel sy oor Pippie se rooi hare.

"Tot siens, my ou maatjie," sê sy. "Jy't gelyk. Dit voel vir my bra asof ek nou al 'n bietjie aangesterk het. Ek voel glad nie meer so senuweeagtig nie."

"Ag, maar ek is bly," sê Pippie en druk tant Laura stewig teen haar vas. "Weet tant Laura wat? Pappie was tog te bly toe ons vir Teodor in Hongkong kry. Want hy't gesê dat hy nou presies twee keer soveel perde op loop sal kan jaag."

pippie_langkous_book.indb 272 2016/01/20 12:26 PM